1 Dis 'n nuwe jaar!

In hierdie lesreeks gaan jy:

Luister en praat	• oor jouself praat • 'n maat aan die klas voorstel • na 'n teks luister en vrae daaroor beantwoord • oor jou gevoelens en voornemens vir die jaar praat
Lees en kyk: Begrip	• vlugleestegnieke oefen • 'n teks met inligting en wenke lees en vrae daaroor beantwoord • hoofgedagtes identifiseer • tussen feite en menings onderskei
Skryf en aanbied	• 'n paragraaf skryf • twee kort tekste skryf • 'n vriendskaplike brief met wenke en inligting skryf
Taalstrukture en -konvensies	• jou woordeskat uitbrei • oefeninge oor woordkeuse en woordbetekenis doen • die onderwerp, gesegde en voorwerp in enkelvoudige sinne gebruik • stelsinne in die teenwoordige tyd skryf • met woordorde werk • idiome leer ken.



Praat: Hoe sien jy jouself?

Tarryn

Anton

1. Dink na oor en bespreek die volgende vrae met 'n maat.
   - Hoeveel mense is daar in jou gesin?
   - Waarvan hou jy die meeste op skool? En die minste?
   - Wat is jou belangstellings of **stokperdjies** (*hobbies*)?
   - Wie is 'n rolmodel vir jou? Waarom?
   - Wat is die belangrikste ding in die lewe vir jou?
2. Gebruik jou maat se antwoorde op die vrae hierbo en stel hom of haar aan die klas voor.

Luister

c) Tarr
d) Ant

Nadat jy ge

1. Kies die
   Al vier h
   a) dink
   b) wil g
   c) voel
   d) is ba
2. Skryf ne
3. Antwoor
   houding

Luister: Ek is iemand. Ek tel.

Hashiem

Bukelwa

Jy gaan nou luister na vier tieners se antwoorde op die vraag *"Wat maak jou iemand?"*.

Voordat jy luister

1. Lees die volgende stellings sodat jy kan sê of dit waar of onwaar is wanneer jy na die tieners se antwoorde luister.
   a) Bukelwa weet watter dinge vir haar die belangrikste is.
   b) Hashiem se oupa het hom respek geleer.
   c) Tarryn se onderwysers beïnvloed nie haar lewe nie.
   d) Anton gee om vir die mense met wie hy saamleef.
2. Skryf die vraagnommers 1. a) tot d) onder mekaar neer.

Terwyl jy luister

1. Luister baie aandagtig na wat die vier tieners oor hulself sê sodat jy dit goed verstaan en skryf "Waar" of "Onwaar" langs elke vraagnommer neer.
2. Luister aandagtig terwyl die tieners se woorde weer voorgelees word. Vul die ontbrekende woorde in. Jy sal almal hoor.
   a) Bukelwa glo sy het iets om aan hierdie ____ te bied.
   b) Hashiem sê hy probeer 'n waardevolle lid van die ____ wees.
   c) Tarryn hou nie van 'n ____ atmosfeer nie.
   d) Anton sê hy kan sy eie ____ neem.

Nadat jy geluister het

1. Kies die gepaste antwoord uit die vier moontlikhede en skryf dit neer. Al vier hierdie tieners ...
   a) dink hulle is belangriker as ander mense.
   b) wil graag ander mense se lewens beter maak.
   c) voel onseker oor wie hulle is.
   d) is bang om hul eie besluite te neem.
2. Skryf neer wat jy dink dit beteken om "iemand" te wees.
3. Antwoord "Ja" of "Nee". Het die vier sprekers 'n positiewe of negatiewe houding teenoor die lewe? Hoekom dink jy so?

Om 'n verskil in iemand se lewe te maak, maak van my iemand. Ek probeer 'n waardevolle lid van die gemeenskap wees. Dit gaan nie alles oor vriende of wie wat doen nie. Ek is net myself. Die respek wat my oupa my geleer het, speel ook 'n rol. Ek behandel ander soos ek behandel wil word.

Wie ek is, is 'n goeie aanduiding van die positiewe invloed wat my familie, gesin, vriende en onderwysers op my het. Ek hou nie van 'n negatiewe atmosfeer nie; dus probeer ek om altyd lewenslustig te bly. Om te ontvang is nie vir my belangrik nie. Wat eerder van belang is, is om ander te aanvaar net soos hulle is.

Ek is wie ek is as gevolg van die manier waarop my ouers my grootgemaak het. My ouers laat my toe om myself te wees en my eie besluite te neem, maar ek weet ek moet dan verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Ek leef só om mense rondom my gelukkig te maak.

Die feit dat ek weet wie ek is en waarvoor ek staan, gee my waarde. Ek weet wat vir my die belangrikste dinge in die lewe is. Voordat ek besluite neem, dink ek baie goed na. Ek glo in myself en ek weet ek het iets om aan hierdie wêreld te bied.

Skryf: 'n Paragraaf oor jouself

Skryf 'n paragraaf van 60 tot 80 woorde oor hoe jy dink mense wat jou goed ken, jou sal beskryf. Skryf jou paragraaf asof iemand anders oor jou praat – gebruik jou naam en woorde soos "hy" of "sy" in plaas van "ek". Jy kan gebruik wat jy gesê het toe jy met 'n maat gesels het oor hoe jy jouself sien.

Lees: Vluglees 'n artikel vir inligting

Hier is 'n artikel met inligting en riglyne vir leerders wat vanjaar nuut is in die skool. Jy gaan die artikel op bladsy 6 eers **vluglees** (*skim*) om 'n algemene idee te kry van waaroor dit gaan en watter soort teks dit is.

As jy 'n teks vluglees of vinnig lees, volg jy die volgende stappe:

Stap 1: Lees net die **eerste paragraaf**.
Stap 2: Lees die **eerste sin van elke paragraaf daarna**.
Stap 3: Lees net die **laaste paragraaf**.

Lees net die **onderstreepte gedeeltes** in die teks op bladsy 6 en beantwoord dan die vrae.

1. Is die volgende stellings **waar** of **onwaar**?
   a) In die eerste paragraaf noem die skrywer twee aangename geluide.
   b) Volgens die leesstuk is skoolgaan verpligtend.
   c) Leerders kom op verskillende maniere by die skool.
2. 'n Mens moet voorbereid wees op die eerste skooldag van die jaar. Noem **drie dinge** wat jy voor die tyd kan doen.
3. Waaroor bekommer sommige nuwe leerders hulle?
4. Wat kan nuwe leerders by 'n skool help om vriende te maak? Noem **twee dinge**.
5. Voltooi die sin: Die hoofdoel van skoolgaan is ...
6. Kies die **gepaste woorde** tussen hakies.
   Om agter te raak met werk, beteken jy (kan nie al die werk betyds doen nie / wil nie werk nie).
7. Die skrywer gee leerders aan die einde hoop vir die nuwe jaar. **Haal** die sin **aan** wat hierdie stelling bewys. (Onthou om aanhalingstekens voor en na die aanhaling te gebruik.)